

CONTENTS / INHOUD

Beste Museum Vriende	2
Briewe van Hermi: Met Liefde geskryf.....	3
Zelfmoord!	8
How to keep SA's literary treasures in the country	6
My eerste neëntig jaar	11
Words to Ponder.....	12

REDAKSIE / EDITORIAL STAFF

ARTIKELS / ARTICLES:

ANZISKE KAYSTER

PROF. MICHAEL TITLESTADT

HERMI BAARTMAN

REDIGERING / EDITING:

PETER WHITLOCK (ENGLISH) & LOUISE LIPSHITZ & SARIE WHITLOCK (AFRIKAANS)

DRUKWERK EN PRODUKSIE / PRINTING & PRODUCTION:

NOMAKHOSAZANA JACOBS & KATRIENA BOOYSEN

VERSPREIDING/ DISTRIBUTION:

DENISE VAN WYK, CHERÉ WILLIAMS, JAMES VAN RHYNERS & ZENNEVIN ISAKS

Beste Museum Vriende

Partykeer wonder ek hoeveel mense werklik die museum se nuusbrief lees. Maak hulle dalk soos baie maar maak met nuusbriewe en prop dit in die vullismandjie nog voordat die sorgvuldig geadresseerde koevert oopgemaak word? Of pik hulle net hier en daar, uitsoekerig oor wat die aandag gevange sal hou?

Dalk verkies hulle 'n elektroniese weergawe van 'n nuusbrief om op die Tablet en iPad (of iPod, verwarring as jy my vra) te lees. Of dalk verkies ander 'n kort teks boodskap, 'n voëltjie-gekoer, of dalk een van daardie boodskappe op die gesiggië-webblad.

Die reuk en gevoel van papier maak herinneringe. My boeke is my rykdom en van kleins-af al, maak om te lees, my bly. Die *Arabiese Nagte* storieboek met sy stokkielekker-rooi omslag het ek soos goud bewaar, maar eintlik het die Broers Grimm se fabels en feëverhale my hart gesteel toe ek maar 'n tjokkertjie was. *Swart Siewie Sewe* het ek uit my kop geleer deur net na my ma se mond te kyk terwyl sy lees en die Bollie Konyn is eenkant toe gebêre vir Vrydae nadat ek my draai-roomys wat my Oupa Phila met sy tweeweklikse loon gekoop het, opgelek het.

Af en toe het ek gesidder vir Uncle Dei se sagtebandboek wat ek skelm onder die bed en op ander onnoembare geheime plekke - gelees het. Net bloed, binnegoed, muuvre kelders en iemand wat oopgespalk in die middel van 'n dorre Wilde Weste Woestyn gereed lê om deur die aasvoëls verorber te word. Toe kom *Saartjie* en *Die Uile* en *Keurboslaan* en natuurlik.....Ena Murray en Mills & Boon.

Vandag het ek die geleentheid om te kies, maar ek lees sommer alles net omdat ek kan. Sommige stories waaroer daar groot bohaai opgeskop word, sit maar dwars in die krop, maar ander is net *plain* mooi: *Fees van die ongenooides*, Riana Scheepers se *Katriena*, *Sabbatsreis*, *Kroes*, *The Kite Runner*, J R Ward se *Dark Brotherhood*-reeks, *The Lord of the Rings*, *Harry Potter*, *The Russian Count's Mistress* en meer onlangs, *Philida*. *Fifty Shades of Grey* met sy verhewe Mills & Boon status het ek ook onder oë gekry en *Die Huisgenoot*, *Kuier*, *Rooi Rose*, *Sarie*, *Living & Loving*, *Garden & Home* en *Your Family* het hulle plekkie langs my bed.

Ek lees ook graag 2 Kronieke 20:15 - 17 waarin die Liewe Heer beloof om my oorlog syne te maak en Johannes 3:16 wat vertel hoe lief Hy my werklik het. In my Lewende Woord

lees ek oor die blye boodskap en die belofte van die Ewige Lewe en ek bedaar.

Ek sou graag, ten spyte van hul verknogtheid aan die kassie, wou hê dat my seuns die daaglikse koerant moet lees en boeke wat hulle sommer soos 'n warrelwind sal gryp en saamsleep op die verrykendste verbeeldingsvlug. Ek begeer dat hulle deur die geskrewe woord sal leer van die realiteit van die lewe en daarmee saam verdraagsaamheid, begrip, mededeelsaamheid en mensliewendheid. Ek wens dat hulle die geur van 'n nuwe en geliefde boek sal onthou en dat dit bakens in hul menswees sal word.

My hartewens vir my wederhelf is dat hy in plaas van die koerant en *SA Rugby* die kookboek sal neem, dit sal oopmaak en lees en inspirasie daaruit sal put om my te verras met 'n koningsmaal so reg vanuit die bladsye van Marriëtte Crafford se *Sonskynkafee*.

Dus, vir dié wat nie *Die Uurglas* lees nie en veral vir die wat versoek het dat ons julle van ons adreslys verwyder: Genugtig! Goeiste en Basta! In *Die Uurglas* deel ons ons liefde vir die museum, erfenis, geskiedenis, die mense van die Camdeboo en die prag van ons

omgewing met julle. Lees dit en geniet dit.

Die Uurglas bied ons ook die geleentheid om ons Kerswense van liefde en vrede aan elkeen wat dit lees oor te dra, saam met die wens dat die Nuwe Jaar voorspoed sal bring. En soos altyd, doen ons dit met graagte omdat daar soveel blydskap en geluk in ons harte is en ons nie skaam is om dit in woorde om te sit en met julle te deel nie.

Dus: Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar!

Anziske

Briewe van Hermi: Met Liefde geskryf

BESTE VRIENDE,

Ek het vir 'n aantal jare in Walvisbaai gebly, en sien nou dat daar nie veel verskil in die Weskus-klimaat is nie. Vandag geniet ons 'n sterk land-af wind, ons het dit in Walvisbaai die *Ooswind* genoem. Die wind gaan die temperatuur opstoot na 34 grade. Hier by laatmiddag kom die seebries om jou lewe te red.

Toe ons hier ingetrek het, het die kontrei vir my soos 'n

maanlandskap gelyk - pikswart wingerde op elke duim grond, in die rivier, oor die heuwels - ek kon net my hande saamslaan en prewel
"Wie moet nou al hierdie wyn drink?"

So hier en daar wag daar 'n groot verrassing: My mond het oopgehang om 'n tamatieland te sien, waar die tamaties omtrent een en 'n half meter hoog oprank, en die tamaties soos rooi fonteine van die stellasies hang. Net anderkant Lutzville, 'n klein dorpie 24 km van Vredendal af, is daar 'n yslike fabriek waar *Koo* tamatie-puree maak. Die puree word in groot blou dromme gestort en weer elders verwerk in tamatiesous en ander rooi goed. Hier is ook rye en rye wit tonnels waar Engelse komkommers in sakke geplant word, en oor die hele SA versprei word. Moet nou nie dink die komkommers is goedkoper hier nie; die kettingwinkels koop die oes op die land en neem alles, vanwaar dit teruggestuur word na hulle takke. Ek het verlede week 'n krat jong komkommertjies gekoop by so 'n kwekery en het rye en rye bottels "gherkin" ingemaak. Al die klein, krommerige komkommertjies word summier afgepluk en as daar nie tuisnywerheid-tannies is wat dit kom

koop nie, word dit kompos! Waar kry jy nou op aarde 'n krom Engelse komkommer?

Toe kom blomtyd aan die Weskus en so word die kurkdroë omgewing omskep in een groot blomtuin. Wat 'n lus vir die oog! Lank nadat die madeliefies, gansogies en ander fleurige blommetjies saad gegooi het, was die omgewing nog oortrek van vygries en blomstruiken, geel, pers en donker pienk.

Toe kom die groot reën en die wingerde wat in die Olifantsrivier geplant is, verdwyn onder die sterk-vloeiende bruin water. Ek was maar meeigarig, 'siestog, die boer gaan groot skade lei,' het ek getob. Moenie glo nie, toe die water na weke wegtrek en die wingerde droog word, word die wingerde gesnoei en 'n week later verander die vaalbruin, verdrinkte wingerde in liggroen. Toe begin die wingerde bot en daar is nie een enkele dooie wingerdstokkie nie. Geen wonder Noag het kans gesien om heel eerste wingerdstokkies te plant nie. Ek het al so aweregs opgemerk dat druiwe eintlik maar 'n soort onkruid is: doodkry is min.
"Toe Noag strand teen Ararat, sê hy Aarde, maar dis nat! Nou kan ons weer tuin maak....."

*Sem, grawe jy vir Pa 'n slootjie,
Gam, bring jy vir Pa die
wingerdlootjies" of iets in dier
voege.*

Ek probeer my bes om gewoond te raak aan hierdie snaakse lappies-wêrld. Die mense is ook anders - hardwerkend, die sout van die aarde, skugter en glad nie so geselserig en vriendelik met vreemdelinge soos Graaff-Reinetters nie. Ek was verras om 'n egpaar raak te loop met wie ek al sedert vroeg in 2000 te doene het: Veronica en Abrie de Klerk, verbonde aan die Namaqua Wynkelders waar die Graaff-Reinet Museum jaar na jaar ons rabatwyn bestel het om Withond te stook. Ek is genooi om parstyd te kom kyk wat gebeur met die tonne druiwe wat hier gekweek word. Ook 'n kort-kursus in druiwesoorte sal my so 'n bietjie insig gee in die bedryf.

Ek is mal oor wonderskone Standfontein, waar die vakansiehuise teen die rante vasklou, en Doringbaai waar die druiwe omtrent tot teen die see groei en die ou kreeffabriek nou 'n wynkelder is, waar jy lekker wyn kan proe saam met 'n kaasbord. As dit nie vir jou die ding doen nie, gaan eet snoek wat nog 'n uur

tevore rondgeswem het, en skyfies by die Seespêns.

Die Olifantsrivier, bron van al die water waarmee die Weskus van Clanwilliam tot by Papendorp in 'n paradys omskep word, eindig in 'n klomp deltas en uitgestrekte lagunes waar groot swerms pelikane wei en bokkoms gedroog word.

Ek mis die voorreg om bekende gesigte in die strate en winkels te sien. Almal wat ek ontmoet, moet belowe hulle sal my groet as hulle my in die omtrek raakloop.

Voor ek my kom kry, vgaaa ek hu stukie bgoood en 'n slukketjie tie. Ek moet nou-nog mooi luister. Die *Sunday Times* is net in die Spar te koop en hulle kry omtrent 10 koerante. As jy nie spring nie, kry jy nie een nie. Verder is dit berge *Rapporte*. Sal maar gewoond moet raak.

Dankie vir u bydrae, ondersteuning en vriendskap deur al my jare in Graaff-Reinet. U is welkom om vir my 'n e-possie te skryf, na hermibaartman@yahoo.com.

DEAR FRIENDS,

It is difficult to transplant an old tree. Do not expect instant success. In 1988, when we were transferred

from Windhoek to Grahamstown, we chose Graaff-Reinet as our retirement-town, as it was by far the best place we have ever seen. At some stage we bought No 29 West Street, and in 1992 moved to Graaff-Reinet.

In 1994 I was appointed as *Curatrix* of the Graaff-Reinet Museum, and it was the beginning of the best, most wonderful time of my life. Making acquaintance with all the collections, the visitors, the Friends, it enriched my life. My sister still regards me as the exception to the rule: a person who loved her job enough to do it for free.

Every artefact's provenance was precious to me, I was grateful to the people with the initiative to start a museum and who so selflessly donated their family heirlooms to form the priceless collections and blessed are the people who kept it afloat through all these years.

Now it is expected of me to live in a town without a museum!

I found a book in the library on the history of Vredendal. The town was officially founded in 1944. During the time of Simon van der Stel, he was summoned to the region, to make peace between two

warring Khoisan leaders. The place was named *BAKKELY PLAATZ*, later *BAKLEIPLAAS!* Later Vredendal. The municipality is named after the prominent Maskam mountains.

Something that astounded me of Vredendal, is the fact that in our neighbourhood there are no high fences and palisades. The garden bench and hose-pipe will not disappear. We have a sprinkler system in the garden and as yet nobody has tried to remove it. During season there are some job opportunities in the viticulture section. Unfortunately there have been some incidents of house-breaking lately.

In Vredendal there are no parking meters, and no chewing meter-waving people who try to extract parking money from you. The streets are wide, with ample parking. There are a wide variety of clothing shops, all kinds of car dealers, tire-ware houses and no less than 3 different play schools. Between Vredendal and Lutzville is a private school with art as a school subject. There is a lime factory just outside town, a quarry where granite is hewn out of the mountains and further up the coast

the sand-dunes are mined for minerals. These people all live in Vredendal. Neighbouring towns like Van Rijnsdorp, Lutzville, Strandfontein and Doringbaai all shop here.

Unfortunately, and that is really the only negative comment, besides the fact that nobody has ever bothered to start a museum here, is that the town changes into an open-air shebeen every Saturday, when people drink openly on the pavements and sleep it off on the sidewalks. At such times one stays out of town, or does one's business really early.

Although I try to count my blessings every day, I still miss Graaff-Reinet tremendously. My daughter Ursula started work as Director of Finance of the Matzikama Municipality on 2 July. I was looking after little Lalla, but then Ursula missed her child so much, came back and bundled Lalla and myself in the car, to join her here. We left on the worst day I can recall, the roads were covered with snow and my heart felt like ice-cold lead. When the single-lane traffic came to a halt high up in the mountains near Voetpad, fear took over from broken heart

and that stuck and froze out all other emotions until we reached Calvinia and left behind the snow.

I have joined the Weskus Kunsvereniging and took part in a nice object-drawing workshop. I also entered an art competition. The theme was RED. I painted a still-life with red apples and a portrait - Rooikopnooi. Guess what? I won the competition and have received a lovely prize of oil paints and other art paraphernalia. My picture will be in the ONS KONTREI. Eish!

Although all the knowledge and memories are still crowding the new experiences, I count my blessings and try to enjoy my life to the fullest. I still watch out for Graaff-Reinet's weather forecast.

Thank you for your friendship and support through all these years, and God bless you all.

HERMI BAARTMAN

You are most welcome to write me a letter to hermibaartman@yahoo.com

Ps I HAVE STARTED ON MY MEMOIRS, BUT MY CHILDHOOD MEMORIES JUMP TO THE FORE AND HINDER MY PROGRESS. THIS IS GOING TO BE A THICK BOOK. EVEN IF NO ONE EVER READS IT, WRITING IT GIVES ME THE OPPORTUNITY TO RE-LIVE MY YOUTH.

ZELFMOORD!

Skree die opskrif van die Graaff-Reinet Herald van 19 Mei 1895. Piet Mostert, woonagtig te De Plaat naby Fonteinsplaats, het selfmoord gepleeg. Vroeg dieoggend was hy by die Heer David Le Roux met sy saal en toom met die doel om sy perd in die kamp te gaan haal en na Ordonnantie toe te gaan om sy huurgeld by die ou Heer Goedhals te gaan betaal.

Hy het aan sy suster genoem dat hy nie voor die volgendeoggend sou terugkeer nie. In die namiddag het een van sy broerskinders van De Plaat gekom en Mej. Geel vra hom toe of Piet Mostert al daar aangekom het. Hy antwoord toe dat Mostert nog nie by die Heer Goedhals was nie en ook nog nie by sy eie huis opgedaan het nie. Mej. Geel gaan toe na die kamp om te kyk of Mostert sy perd geneem het. Toe sy egter by die hek kom, vind sy die hek toe en dat die saal in die binnekant van die hek staan. Sy gaan toe terug na die Heer Le Roux en vra hom om saam met haar na die kamp te stap. Le Roux en een van sy werksvolk het toe saamgestap. Toe hy by die hek kom, gaan hy die kamp in en vind 'n stuk papier onder die saal waarop geskryf staan: "Julle sal my in die kamp kry. Kyk in my baadjie vir 'n brief." Mej. Geel en die Heer Le Roux het onraad vermoed en keer toe terug. Le Roux het die volk aangesê om na

Mostert te begin soek en het na die veldkornet, die Heer Jos Goedhals gegaan om hom van die gebeure te verwittig. Dit was alreeds sononder.

Toe die Heer Le Roux weer by die kamp kom, het hy die volk bymekaargereroep en gevra of hulle Mostert al gekry het. Hulle antwoord toe dat hulle eers sy baadjie gekry het en ongeveer 10 jaarts verder, sy liggaaam. Hulle het na hom geroep maar hy het nie geantwoord nie en aangesien dit al donker was, het hulle toe teruggekeer.

Die volgendeoggend het die Heer Le Roux en die veldkornet gegaan en Mostert op sy linkersy gevind, met sy gesig in die grond. Sy keel was tot op die been oopgesny. Die sny het van sy regteroer tot omtrent twee duim van sy linkeroor geëindig. In sy regterhand was 'n swart Roger mes. Hulle het ook die brief in sy baadjiesak gevind en op die koevert was geskrywe "Verborgen Brief". In die brief het gestaan: "Broeders en susters. Moet nie dink dat iemand anders my doodgemaak het nie, ek het myself doodgemaak." In die brief het hy ook gemeld waar om sy testament te kry en hoe sy besittings verdeel moes word. Sy beursie is in sy onderbaadjie se sak gevind met £8 daarin. Die oorledende was ongetroud en "zoo als wy vernemen tamelyk bemiddeld."

Hy was 43 jaar oud.

Graaff-Reinet Herald 19 Mei 1895, vertaal uit Nederlands.

How to keep SA's literary treasures in the country

By Michael Titlestad

Assoc. Professor and

HOD Department of English

The National English Literary Museum is embroiled in a lawsuit. A descendant of Samuel "Cron" Cronwright-Schreiner is claiming ownership of a collection of papers, the most important of which relate to the life and work of his first wife, Olive Schreiner.

Cron was a public-spirited man deeply invested in his wife's work. He established a scholarship in her name so that a South African woman could read for a medical degree. He donated some of her most significant papers and books to the Cradock Public Library, which passed them on to the National English Literary Museum for display at their satellite museum, Schreiner House.

Last year, the litigant placed on public auction 20 books by Schreiner, Cron and Havelock Ellis. Several were unique. The literary museum bid successfully for nine titles and spent R90 000 of its modest annual budget. An American bidder secured the two most important works: Cron's *The Life of Olive Schreiner*, copiously

annotated and with long notes inserted, and Schreiner's *Dream Life and Real Life*, of which not a single copy exists in any South African library. The first sold for \$10 500 and the second for \$15 500.

With the legal support of the South African Heritage Resources Agency, the literary museum ensured that the books were not exported. In terms of legislation, though, the prohibition on exportation requires a South African buyer to match the sum an international bidder has offered. Fortunately, a philanthropic organisation came to the museum's rescue. Still, the collection was dispersed.

This financial success presumably inspired Cronwright-Schreiner's descendant to claim a collection of documents and texts transferred to the museum in the early 1980s. It is secondary material, not of much value except to researchers, but the museum feels compelled to contest the claim, which has meant the involvement of an attorney and senior counsel.

Complicated

If public institutions are to be trusted, they have to fight to defend their holdings, but preserving our literary archives is complicated. When the Harry Ransom Humanities Research Centre at the University of Texas bought JM Coetzee's papers, in 2011,

literary scholar Craig MacKenzie articulated the key considerations. No South African institution could afford the R12-million paid to Coetzee. The centre already has significant South African collections: the papers of Roy Campbell, Jack Cope, Stephen Gray, Uys Krige, William Plomer and Herman Charles Bosman. Coetzee is in good local company in an august institution that attracts researchers from around the world.

MacKenzie explained the history of the Bosman papers. When he died intestate, his widow was left impecunious and she put the collection up for auction. A Texas university professor happened to be in South Africa scouting for material and organised the purchase. This set the precedent. A few years later, the Lilly Library at Indiana University bought the Athol Fugard and Nadine Gordimer archives. We have, in short, sold the bulk of our literary heritage to American universities.

One cannot deny South African authors or their heirs the moral right to dispose of collections as they wish. Sadly, the gradient of wealth means they will go north. But we have also consistently undervalued our writers and artists, and should not be too quick to blame those who have recognised their importance.

Thankfully, in one respect at least, the situation is being addressed. After the literary museum petitioned and advocated for 20 years, the arts and culture department is funding the construction of a world-class literary museum and state-of-the-art conservation facility in Grahamstown. Discussions on the mandate of the new institution are under way, but there is little doubt that it will be expanded to include collecting, preserving and presenting literature in other official languages.

The literary museum has served South African scholars and the general public for more than 30 years. It will be able to do so much more effectively from its new flagship premises. Its education programme will be expanded; its staff is planning a range of exhibitions. Its holdings will be digitised and, in the spirit of open access, will be freely accessible.

But with the significant investment of public money in the new building come additional responsibilities. The museum needs resources to counter cynical profiteering, to bid for our authors' archives when they come up for sale and to extend exchanges with institutions such as the Harry Ransom Centre and the Lilly Library. Organisations, individuals and the department of arts and culture will have to work together.

In a context in which literacy should be a primary concern, this preoccupation with literary history might seem precious. But we should not foreclose on possible futures because of current anxieties. We must defend our heritage and make it accessible precisely because we cannot predict where it might lead us.

Published with special permission from Prof. Michael Titlestad and Shaun De Waal from the Mail & Guardian.

MY EERSTE NEËNTIG JAAR

*Uittreksels uit die boek van
Ds. A. F. Louw*

Ek was nog ongetroud en het die voorreg gehad om by my oom en tante, Ds. en Mev. Charles Murray, in te woon. Nooit het ek dit betreur dat ek as hulpprediker onder 'n ervare en vrome man my loopbaan kon begin nie.

Ek dink nou aan 'n ou Mev. Bedford - tant Kaatjie Bedford - om een karakter uit dié tyd te noem. Sy was gebonde aan haar kamer maar opgeruimd van geaardheid en innig vroom. "My kind," so het sy my genoem, "as jy hier in die huis kom, dan sal jy altemit dink: Wat makeer Ou Kaatjie, met wie praat sy dan! Maar ek praat met drie - Die liewe Heertjie, myself en die duiwel. Maar

as jy met die duiwel praat, moet jy hard en kwaai praat."

Dan was daar eerw. Auke Compaan wat ek as kind ook vroeër al ontmoet het. Hy was met my koms op Graaff-Reinet leraar van die N.G. Sendinggemeente. Dit het vir my veel beteken om met dié Godsman in aanraking te kom. Hy het my ook soms goeie raad gegee. Auke Compaan was in menige opsig 'n eienaardige karakter, maar hy was 'n vroom man. Hy het hom nie veel aan die kerkwet gesteur nie. Selfs oor die landswet, so kom dit my voor, het hy hom maar min moeg gemaak. Hy het soms in verband met die bevestiging van 'n huwelik in die buitewyk sy sakboekie gebruik vir die inskrywe van name, ens. "en wat dan van die handtekening?" vra ek. "o, ek kan net so goed 'n kruisie maak as hulle. By die huis skryf ek dit in die huweliksregister." Dit was die Vader Compaan wat aan 'n sekere Hendrik, wat manhaftig verklaar het: "Geen sikspens uit my sak vir die sending," gesê het: "Hendrik jy kan jou sikspens hou, die Here se evangeliewa sal vorentoe gaan sonder jou sikspens, maar in die groot dag wil ek nie in jou skoene staan nie."

Daar is nog persone met wie ek in die eerste jare op Graaff-Reinet kennis gemaak het, wat ek graag wil noem.....Maar ek wou eintlik nog 'n

woord sê oor James, die seun van Andrew (Murray) wat nooit getrou het nie. In Graaff-Reinet was hy bekend as "Oom Jimmy". Tydens die Eerste Vryheidsoorlog was hy in Transvaal woonagtig en het hy hom by die Boere geskaar. Op Majuba het hy 'n sakdoek oor die gesig van Genl. Colley gegooi toe hy daar by die lyk uitgekom het.

In 1894, toe ek op Graaff-Reinet kom, was hy die man wat moes sorg vir die pastorietuin, wat drie morg groot was, vir brandhout en vir die saag en klowe daarvan, die perde in die stal, die koeie, waterlei, ens. Die name van twee van sy perde *Braaiboud* en *Semels*, verraai sy humorsin.

Een van die lelikste swere, 70 jaar gelede, was die *buitekantiene!* Deur daardie "pes" is honderde families tot die bedelstaf gebring. Hoe het ons nie gewerk om daardie voorportaaljies van die hel gesluit te kry nie! Petisies word geteken! Mense weier om te teken. Moenie vra hoekom nie! Gelukkig het die lelike "swere" later baie verminder.

Ongelukkig het Graaff-Reinet ook, soos Oudtshoorn, Prins Albert en ander binnelandse distrikte, hul brandewynketels gehad. Geen wonder dat die broeder Christiaan Smook van Graaff-Reinet aan my kom vertel het dat nadat hy op 'n

aand gesien het wat by 'n hotel - ek teen die een in Kerkstraat - aangegaan het, hy omgedraai het met die besluit om sy brandewynketel tot niet te maak. Hy het dit gedoen, niteenstaande die feit dat hy op daardie aand huis na die hotel gegaan het om sy sterk drank te koop aan te bied!

Motorkarre was nog onbekend en kerkraadslede moes sorg vir die vervoer met huisbesoek, waarmee daar in die groot gemeente eenvoudig nie so iets as klaarkry was nie. Ek het vir die dorp my trapfiets gehad en menigmaal moes *Blesbok* of *Mike*, my twee perde, selfs in die aand laat, my haastig dra na die hospitaal of na 'n byeenkoms op Adendorp. Toe het ek geleer om die manelpante met spelde aan die voorkant van my lyf vas te steek dat hulle nie die sweet van die ribbe van die perde kry nie. Hier kan ek gerus byvoeg dat nóg die ou, nóg die jong predikante ontsien het om in die groot dorp die afstande te voet af te lê.

Ds Louw se hoop was dat die seën op sy pennevrug sou rus. Sy vertellinge oor die lewe in Graaff-Reinet, die dorp en sy mense bring die geskiedenis na die hede en gee dit sommer weer lewe.

WORDS TO PONDER.....

If you liked this newsletter click on...



At the Graaff-Reinet Museum we aim
to please.